PROJEKPLAN

DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUERING, EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE, WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

8.9

2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN PROJEKLEIER:

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Ds.Riaan vd Mescht	Riaan vd Mescht
POSADRES	Posbus 2551 Beacon Bay 5205	
E-POS	riaan@ngnahoon.co.za	
FAKSNOMMER	043-7483111	
TEL. WERK	043-7483111	
TEL. HUIS	043-7482136	
SEL.	082 5775 232	

	15-09-08
(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER)	(DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Daar is twee sendingstasies in Zambië. Die een te **Kabwe** word bestuur deur **Coen en Suria Scholtz**.Hulle lei sendelinge op - deeglik onder die vaandel van Pro Christo Internationaal- en stuur hulle uit na die lande in Afrika en Madagascar.Wonderlike getuienisse kom uit alle gebied.Daar is egter ook getuienisse van swaarkry en ontbering asook van eensaamheid.Ons wil die wat afgesonderd leef bemoedig - dmv kontak en aanstuur van benodigdehede.
Fondse word benodig om die skool op Kabwe te help om kinders te voed.Die skool sluit nie vakansies nie,sodat kinders kos kan kry, aangesien dit die enigste kos /dag is wat hulle kry.Lede op sendingstasie moet dikwels etes afstaan/vas om skoolkinders te voed.Ons wil hulle bemagtig om kinders te voed en meer sendelinge uit te stuur.Sendeling verdien tussen R140-R190 per maand.Ons wil hulle graag gaan besoek op Kabwe en help met hestelwerk,instandhouding en om hulle te bemoedig..Ook wil ons hulle pastoraal help versorg sodat hulle hul werk optimaal kan verrig.Hulle stuur werkers uit tot in die Soedan.
Good News 11 is gesetel by die Tanganjika-meer en word, onder baie moeilike omstandighede bedryf, deur Div en Eleonor Du Plessis en hulle twee tiener kinder is by hulle. Hulle is die enigste blankes in die settlement en word moeilik aanvaar.Hulle bemagtig opgeleide swart mense uit Zambië om die locals te bereik. Hulle "rus toe" en die werkers moet uitgaan. Div het 'n 40 voet boot wat hy gebruik op die meer.Alles in en om die meer vind per boot plaas. Daar is geen paaie nie. Die naaste e-pos fasiliteit is 2 ure se busry ver.Die boot moet gedurig aandag geniet.Dit is die boot wat hulle help om toegang te kry tot die ander lande wat aan die meer grens.Dus, broodnodige "sending tool".
Ons wil hulle graag besoek om te help met instandhouding en aanbou vir kombuis vir 'n skoolvoedings-projek wat hulle op die been het.Hulle is so afgesonder dat ons hulle geestelik wil gaan versorg, bemoedig en aanmoedig.
Nahoon-gemeente sal self ook bydrae lewer, maar ons kan dit nie op ons eie doen nie.Ons wil graag die ring hierby betrokke maak en die kerk vra om te help om hierdie mense wat die vergete "warriors" vir die geloof in Afrika is gaan help.
Ons wil help verhoed dat hulle moeg word en opgee, omdat hulle voel die kerk het hulle vergeet.
Help ons asseblief om hulle te help.Help ons om so lidmate van die ring betrokke te maak en 'n
Ervaring te beleef van hoe dit werklik is om in die sending te staan. Dat hulle kan terugkom om ander te vertel en met entoesiasme aan te steek om betrokke te wees.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE[S] WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

Lidmate van Nahoon gemeente sall betrokke wees.
Ons het die ander gemeentes in die ring genooi om saam met ons by die werk betrokke te wees, vandaar hul aanbeveling dat ons 'n aansoek vir die projek moet instuur.
Ons kan nie net plaaslik fokus nie.Die evangelie is binne bereik van al ons plaaslike mense in en om stede.Ja ons is ook plaaslik besig om armoede te verlig en die evangelie te bevorder. Bv. Nahoon-gemeente het die afgelope 5 jaar 3 kerke gebou in "remote" areas sodat mense kan kerk toe gaan, anders moes hulle ver per taxi reis om in die stad te kom.
Ons voel dat baie mense in Afrika net aan Islam blootgestel is en dat die evangelie in baie gebiede nog onbekend is. Ons kan nie voltyds gaan nie, maar ons wil die mense wat gewillig is om voltyds te gaan en hul lewens in gevaar stel gaan bemoedig en hul hande gaan versterk.
Die Koninkryk, die kerk en lidmate sal baat by die projek.Dit gaan nie om eie gewin en reisgierigheid nie, dit gaan oor die uitdra van God se woord.Ons wil met mense werk en nie duur toerusting aankoop nie. Ons mense bemoedig om voort te gaan om verlore mense te bereikmet die evangelie - dit kos noodwendig geld.

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
1. Coen en Suria na RSA bring om lidmate aan hulle bloot te stel.	1 keer in 2009
2.Ons wil besoek reel aan Kabwe om fisies te gaan help op die sendingstasie met instandhouding en/of bouwerk en om te gaan wys ons gee om.	10 dae gedurende 2009
3.Lidmate na die sending konferensie op Kabwe te neem wanneer nuwe sendelinge "ge-orden" word en waar ons almal wat in	

die "remote" gebiede werk se getuienisse kan hoor en hulle kan bemoedig met ons teenwoordigheid.	
Spreker tree by die gelentheid op.	5 dae
4. Bring Div en Eleonor na RSA vir blootstelling aan gemeentes wat hulle gaan ondersteun	4 dae
Stuur fondse vir die begin van bouwerk aan die kombuis by die skooltjie. 5.Gaan besoek hulle by Good News11.	2009 2010
Gaan help met herstelwerk en bouwerk aan die kombuis.Bemoedig hulle en reis saam op meer om iets van die omvang van hulle werk te verstaan.	

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR [GEMEENTE, ANDER]
Nahoon-gemeente se sendigspan onder leiding van Riaan vd Mescht	NG Nahoon
Lidmate uit ring se gemeentes wat betrokke wil wees.	Ring van Oos-Londen

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Aangesien dit goedkoper is om boumateriaal plaaslik in Zambië te koop as om dit te vervoer moet ons die fondse kry om dit te doen	
Ons wil kos-produkte wat nie daar plaaslik gekry kan word nie saam neem vir gebruik op die stasie.	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR [BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER]:

BESKRYWING	WANNEER BENODIG
Nuusbriewe na ring se gemeentes en admin sal uit die kantoor van Nahoon gedoen word en die gemeente dra die koste.	

6.4 ANDER:

Ons benodig R30 000 per jaar buiten die geld wat Nahoon self in die projek instoot wat dit sal verdubbel.
Vliegkaartjies is duur. Die busvervoer in Zambië is duur asook die kos en brandstof.
Ons wil nie 'n groot groep mense opstuur wat al die kapitaal gaan insluk nie, maar 'n paar wat aanvanklik die projek aan die gang kan sit.
Die ysbreek werk is reeds deur Nahoon gedoen.Met die huidige geld tot ons beskikking kan ons egter nie genoeg doen nie.
Plaaslik help ons 2 NG Gemeentes met R100 000 per jaar en spandeer R50 000 aan JOT poste. Indien ons meer geld gehad het sou ons meer kon belê in Zambië.
Ek noem dit sodat u kan verstaan ons probeer orals betrokke wees sonder om die sinode ooit geld te vra, maar eerder die sinode wil help deur ander wat behoefte het te help.

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
REISKOSTE (om Coen-hulle en Div-hulle hier te kry)	R14 000
VERBLYFKOSTE	R5000
REKENAARUITGAWES	R0-00

SKRYFBEHOEFTES	R0
DRUKWERK	R0
TELEFOON	R700
POSGELD	R300
VERVERSINGS	R1000
LITERATUUR	R0
ANDER [SPESIFISEER ASSEBLIEF]:	
Good News 11 bou van kombuis	R10 000
Kabwe besoek as uiteik	R15 000

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
April 2009 Coen en Suria se besoek	R7 500
September 2009 Kabwe besoek	R15 000
Oktober 2009 Div-Eleonor besoek	R7 500
April 2010 Skenking vir kombuis boumateriaal	R10 000
Oktober 2010 besoek Good News 11	R15 000

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Elektronies aan Ring se skriba wat dit aan Nahoon kan uitbetaal soos ons dit nodig het.
Dit skep ook net 'n beter rentmeesterskap in die hele proses.

7. ENIGE ANDER SAKE WAT OORWEEG MOET WORD:

Let asseblief daarop dat die R60 000 nie vir 2009 is nie.
R30 000 is vir R2009 en R30 000 vir 2010, aangesien die hele projek beplan word om oor 2 jaar te loop. Ons hoop om dan as gemeente self verder die projek te kan befonds.
Hierdie Ringsprojek is goedgekeur op 'n Ringsitting van die Ring van Oos-Londen gehou op 17 Augustus 2008 te NG Buffelsrivier.

DS AP Coetzee [VOORSITTER RINGSKOMMISSIE]

Datum 9 Sep 2008